

15 Desember

Skrifgedeelte: Johannes 16:25-33
Fokusgedeelte: Johannes 16:33

Vind vrede by Jesus

Diep in die hart van elke mens, ook van ons elkeen, hunker ons na ware vrede. Te midde van die druk en stres van die lewe, vrese en bekommernisse wat van tyd tot tyd opduik, is vrede ons groot begeerte.

Op hierdie tydstip wanneer Jesus met sy dissipels praat, is daar ontsteltenis, droefheid en onsekerheid in hulle harte, omdat Hy van hulle af weggaan. Jesus wil hulle egter lei tot vrede, ware vrede, die vrede wat alleen by Hom te vind is. Hulle en ons elkeen hoor sy woorde in vers 33: Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My.

By Hom, deur hulle band van liefde en geloof in Hom, daar sal hulle vrede vind. Slegs deur 'n lewende band met Jesus sal ons elke dag vol vrede in ons harte kan deurbring. Hy het die grootste vyandskap, angs, vrees en lyding in ons plek aan die kruis deurgegaan. Só het Hy die vyandskap en afstand tussen ons en God kom wegneem. So het Hy vir ons vrede kom bewerk tussen ons en God, ons Vader in die hemel. Wanneer ons in Jesus glo en Hom liefhet, het die Vader self ons lief (Joh. 16:27). Dis 'n wete wat 'n diepe vrede in ons tot stand bring.

En Jesus dra hierdie vrede wat Hy vir ons kom bewerk het tot diep in ons harte in. Hy doen dit deur die Heilige Gees wat in elke volgeling van Hom woon, te midde van 'n wêreld vol teenstand en vyandskap teen Christus en sy volgelinge. Nou kan ons as gelowiges in Christus elke dag, ook vandag in alle situasies, hierdie vrede ken en beleef, 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan.

En met moed kan ons aan sy oorwinningswoorde vashou: Ek het die wêreld klaar oorwin.

Sing: Psalm 125:1, 4 (2001)

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)